



WEEK VIER

DAG 18

EFESIËRS 4:16

KERKLEWE

Gesonde kerklewe is 'n integrale deel van ons geestelike saamleef met die Here. Dit is net so belangrik as wat gebed en die studie van die Woord van God is. Ons verhouding met Jesus vind uitdrukking in ons verhoudinge met ander gelowiges.

Laat my toe om jou so bietjie te motiveer, met van die voordele van geestelike familie.

1. Ons almal het ondersteuning nodig op ons pad wat ons saam met die Here loop. Dit maak ons vriendskap met ander gelowiges krities belangrik. Paulus praat 'n paar keer van die feit dat ons soos verskillende lede van 'n liggaam aan mekaar behoort. (Kyk gerus na Efesiërs 4:16.)
2. Jou groei en ontwikkeling word versnel in die liggaam van Christus, wat as die kerk bekend staan. Ons sien in dieselfde skrifgedeelte dat 'die liggaam homself opbou in liefde', as ons toelaat dat ons lewens vasgroeï aan ander gelowiges. Jou belewenis van God sal lekker verryk word wanneer jy saam met ander Christene vergader vir Bybelstudie, aanbidding en natuurlik om saam uit te reik na ander ook.
3. Saam bring ons die lig van Jesus na ons wêreld. Ons vorm 'n span, wat die positiewe invloed van ons geloof in die samelewing vestig. Mattheus 5:14 "Julle is die lig vir die wêreld." Die kerk skyn die lig van Jesus se lewe op die mense in ons gemeenskappe.

Hier is 'n paar wenke as jy wil inskakel by 'n gemeente:



In Handeling 2:42-47 lees ons dat die eerste groep gelowiges gereeld bymekaar gekom het in twee groepe:

1. Hulle het in groot groepe by die tempel vergader vir die lering van die apostels.
2. Hulle het in huise vergader vir nagmaal en geestelike 'fellowship'.

Ons geniet soortgelyke insette as ons weekliks (meestal op Sondag) bymekaar kom vir lering en aanbidding. Maar ek wil jou verseker dat kerklewe nie sy volle potensiaal beleef as jy nie ook in 'n kleingroep inskakel nie. Dis in die kleingroep waar jy meer persoonlike ondersteuning en groei gaan beleef.

Onthou net dat Christene gladnie perfek is nie. Wees voorbereid dat mense jou soms sal teleurstel en selfs seermaak, maar dis juis in die op en af van geestelike familielewe wat ons die beste groei beleef.

'n Laaste opmerking is dat die kerk nie bestaan net vir haarself nie. Die vriendskappe en die familiegevoel het 'n baie groeter doel. Ons is hier vir die impak wat ons in ons gemeenskap kan maak. 'n Gesonde kerk het 'n groot impak op sy dorp of stad. Jesus se koninkryk word sigbaar soos wat ons in ons huise en werksplekke en samelewing sy waardes gaan vestig.





VERKLARING

“EK IS ‘N AKTIEWE DEELNEMER IN DIE LEWEGEWENDE KERK VAN JESUS CHRISTUS.”

**MAAK ‘N LYSIE VAN DIE AKTIWITEITE VAN DIE EERSTE KERK SOOS
ONS DIT LEES IN HANDELINGE 2:42-47.**

AKSIESTAP
